

Hillcrest High School

Graad 9

AFRIKAANS EAT V1

JUNIE 2023

PUNTE: 80

TYD: 1½ uur

EKSAMINATOR: Mev. M. Henderson

MODERATOR: Mev. R. Jordaan

INSTRUKSIES EN INLIGTING.

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.

Afdeling A : Begriptoets (30)

Afdeling B : Taal (50)

2. Lees die instruksies baie goed.
3. Beantwoord AL die vrae
4. Begin elke afdeling op 'n skoon bladsy.
5. Skryf jou onderwyseres se naam op die dekblad.
6. Me. Jordaan, Middleton, Meiring, Schoeman en Henderson
7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommers wat in hierdie vraestel gebruik is.
8. Spelling en sinskonstruksie is belangrik.
9. Skryf netjies en leesbaar.

Afdeling A: Begriptoets

Vraag 1: Lang teks

Teks A

Al 82, maar hy draf slaggate lag-lag kaf

'n Afgetrede meganiese ingenieur van Bryanston, Rainer Dixel (82), maak op eie houtjie slaggate in sy straat reg.

Gewapen met sakke koue asfalt, 'n pik, graaf en stamper op 'n sleepwa wat hy agter sy Audi haak, is hy die afgelope Woensdag in East-Hertfordstraat waar daar 'n magdom slaggate is.

Dit was kort nadat hy die oggend ses sakke koue asfalt gaan koop het by Builders Warehouse, wanneer pensioentrekkers afslag kry.

Andy Leitner, 'n vriend wat vir bykans 'n maand uit Oostenryk by hom kuier, het hand bygesit.

"Hy is my vakleerling," skerts Dixel. Een kap met die pik die grond los, terwyl die ander die groot klippe uitskep en die grond met 'n borsel vee. Die gat word dan met asfalt gevul, waarna dit met 'n stamper vasgestamp word.

Die idee het ontstaan toe die eienaar van 'n vulstasie onlangs vir Dixel gevra het of hy slaggate in die straat kon herstel. Hulle het mense verskaf om hom te help. Nadat hy die werk voltooi het, het hy besluit om sy straat s'n ook aan te pak.

"Motors wat bo-oor ry, kompakteer die asfalt. Die groot ding is om die groot gate te vul, sodat 'n mens nie jou motor beskadig nie. Die idee is om die publiek teen skade en motorongelukke te beskerm," sê hy.

Dixel het in 1970 van Oostenryk na Suid-Afrika verhuis.

Sy besluit om te help het gekom omdat " 'n mens nie net kan sit en niks doen nie. Jy moet help. Dis nie baie moeilik om te doen nie, jy moet net bereid wees om iets te doen."

Die meeste verbygaande motoriste bedank hulle. Een oorhandig deur sy oop motorruit selfs R100 aan Dixel. "Ek haas na 'n vergadering toe, maar ek kan 'n bydrae lewer," sê hy.



Terwyl die motoris aanry, sê Dixel dit is die eerste keer dat hy geld aanvaar. " 'n Ander man wou ook al vir my geld gee, maar ek wou dit nie aanvaar nie." Volgens Dixel behoort die munisipaliteit hom eintlik te vergoed, maar hy weet dit gaan nie sommer gebeur nie.



Inteendeel, Dixel het skaars die slaggate herstel of die Johannesburgse Pad agentskap (JPA) het bevestig dit is onwettig vir mense om self slaggate reg te maak.

Louis Nel, waarnemende hoof van die JPA, het die afgelope week gesê dit is volgens die stad se reëls onwettig.

"Ek verstaan mense se frustrasie, maar daar is groot risiko's daaraan verbonde.

"As iemand 'n slaggat verkeerd regmaak en daar is 'n ongeluk en iemand sterf, kan daardie persoon strafregtelik vervolgt word."

Dixel sê egter die stadsraad herstel nie slaggate nie en dit is wat gevaarlik is.

"Die feit dat ek die slaggate regmaak, beteken juis daar sal nie 'n ongeluk wees nie."

Op die ouderdom van 82 is Dixel nog baie aktief. "Met my laaste besoek aan die dokter het hy net gesê ek moenie op 'n leer klim nie," lag hy. "Hierdie kan ek doen, ek is goed met my hande."

[verkry by Netwerk24]

- 1.1 Hoe oud is Rainer Dixel? (1)
 - 1.2 Watter gereedskap (tools) het Dixel gebruik om die slaggate reg te maak? Noem twee. (2)
 - 1.3 Waarom het Dixel die asfalt op 'n Woensdag by Buiders Warehouse gekoop? (1)
 - 1.4 Stem jy saam met die volgende stelling? JA/NEE? Haal een sin aan as antwoord. (1)
- Dixel het alleen die slaggate reggemaak.

1.5 Rangskik die volgende stappe in die korrekte volgorde. Skryf die sinne oor.

- Skep die groot klippe uit
 - Vul die gat met asfalt
 - Kap die grond los met 'n pik
 - Vee die grond uit met 'n borsel
 - Stamp dit vas met 'n stamper
- (5)

1.6 Die volgende stelling is ONWAAR. Haal 'n sin aan om dit te bewys.

Dixel bly nog altyd in Suid-Afrika. (1)

1.7 Kies die korrekte woord in hakkes. Skryf dit neer.

Die meeste mense is (bly/ongelukkig) dat Dixel die slaggate herstel. (1)

1.8 Hoeveel geld het een motoris vir Dixel gegee? (1)

1.9 Waarvoor staan die afkorting JPA? (1)

1.10 Wie is die JPA se waarnemende hoof? (1)

1.11 Pas die stellings in kolom B by die woorde in kolom A.

Skryf slegs die NOMMER en die LETTER neer.











Kolom A	Kolom B
1.11.1 Rainer Dixel	A. Mense kan verongeluk
1.11.2 Woensdag	B. Oppad vergadering toe
1.11.3 Andy Leitner	C. Was 'n meganiese ingenieur
1.11.4 Slaggate	D. Pensioentrekkers afslag
	E. Bly in Oostenryk

(4)

1.12 Verduidelik in jou eie woorde waarom die munisipaliteit nie wil hê dat Dixel die slaggate moet regmaak nie. (1)

Vraag 2: Visuele teks

Teks B

Naam:	Foto:	Gewig:	Spoed:	Ouderdom:	Voeding:
			Km/h		
Olifant		6 000 kg	40 km/h	70 jaar	Blare, gras
Leeu		238 kg	56 km/h	25 jaar	Vleis
Renoster		1 000 kg	55 km/h	50 jaar	Blare
Kameelperd		828 kg	56 km/h	25 jaar	Blare
Seekoei		1490 kg	45 km/h	50 jaar	Gras


[Verwerk uit Google & PicknPay SA Super animals]

2.1 Watter dier vreet ander diere? (1)

2.2 Wat word gebruik om die foto's van die diere te neem? (1)

2.3 Watter dier weeg swaarder as die seekoei? (1)

2.4 Kies die korrekte woord tussen hakies en skryf dit neer.

Die  simbool stel die (hartklop/gewig) van die diere voor. (1)

2.5 Rangskik die volgende diere van JONGSTE na OUDSTE.

Renoster, Olifant, Leeu (3)

2.6 Kies die korrekte antwoord om die sin te voltooi. Skryf SLEGS die vraagnommer en die letter neer.

Die doel van die tabel is om te wys dat diere:

- a) van mekaar hou.
- b) nie almal dieselfde is nie.
- c) nie baie vinnig is nie.
- d) altyd gras eet. (1)

2.7 Hoeveel diere in die tabel eet blare? (1)

2.8 Waarvoor staan die afkorting "kg"? (1)

Totaal afdeling A: 30

Adeling B: Taal



Bestudeer die prentjie hierbo en beantwoord dan die taalvrae wat volg.

Woordstrukture: Skryf by elke vraag net die nommer en die antwoord neer.

Vraag 1:

Vul die VRAAGWOORDE in om die vrae korrek te voltooi. Die antwoord word gegee om jou te lei.

1.1 _____ gaan Mieke met die eiers? Huis toe. (1)

1.2 _____ kan ek die donkie se kos sit? In die mandjie. (1)

1.3 _____ drink die koei? Uit die bottel uit. (1)

Vraag 2: Meervoude

Gee die korrekte MEERVOUDE vir die woorde tussen hakies.

2.1 Die (dogter) voer elke dag die hoenders. (1)

2.2 Die (skool) bring soms die leerders plaas toe. (1)

2.3 Die kinders se (ouma) het vir hulle verkykers gegee. (1)

Vraag 3: Verkleinwoorde

Gee die korrekte VERKLEINWOORDE vir die woorde tussen hakies.

3.1 Die skoenlapper sit op die (blom). (1)

3.2 Ek moet 'n (oog) hou oor die vuur. (1)

Vraag 4: Voorsetsels

Vul die korrekte VOORSETSELS in om die sinne te voltooi.

4.1 Die kinders ry _____ motor plaas toe. (1)

4.2 Die perdjie raak _____ die slaap langs sy ma. (1)

4.3 Die twee varkies baklei _____ die kos. (1)

Vraag 5: Intensiewe vorm

Gee die korrekte INTENSIEWE VORM van die woorde tussen hakies.

5.1 Die neutbome groei (baie hoog) langs die grondpad . (1)

5.2 Die koei se gesig is (baie nat) van al die melk . (1)

Vraag 6: Vergelykings

Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

6.1 Die water in die plaasdam is sy helder soos _____. (1)

6.2 Die koei se melk is so goed soos _____. (1)

Vraag 7: Afkortings

Skryf die AFKORTING vir die woorde tussen hakies.

7.1 Die kinders eet tamaties (in plaas van) sjokolade. (1)

7.2 Die meisie is rietskraal, (met ander woorde) sy is baie maer. (1)

Vraag 8: Trappe van vergelykings

Gee die korrekte TRAPPE VAN VERGELYKING van die woorde tussen hakies.

8.1 Die lug is vandag (blou) as gister. (1)

8.2 Saterdag is die (besig) dae op die plaas. (1)

8.3 Plaasvriende is die (goed) vriende. (1)

Vraag 9: Sportsoorte

Skryf die naam van die SPORTSOORT in die prentjie neer.

9.1



(1)

9.2



(1)

Sinstrukture**Vraag 10: WOORDORDE.**

Skryf die sinne in die korrekte WOORDORDE.

10.1 Die kinders, rooi tamaties, elke naweek, eet, op die plaas (1)

10.2 Tannie Ina, vinnig, vanoggend, het, die koei, gemelk (1)

10.3 Die seun, die koei, versigtig, voer (1)

10.4 Ek, skoonmaak, sal, my skoene, more (1)

Vraag 11: VERLEDE TYD.

Skryf die sinne in die VERLEDE TYD.

11.1 Ek ry vinnig verby die hoenderhok. (1)

11.2 Die vark kan vinniger hardloop as die eend. (1)

11.3 My ouma sal botter maak met die melk. (1)

11.4 Die perd het 'n lang stert. (1)



Bestudeer die prentjie hierbo en beantwoord dan die taalvrae wat volg.

Vraag 12: Toekomstige tyd

Skryf die sinne in die TOEKOMENDE TYD.

- 12.1 Die meisie slaap op die tafel. (1)
- 12.2 Die juffrou het ses kinders in haar klas. (1)
- 12.3 Wetenskap is baie opwindend. (1)
- 12.4 Jannie vat sy brille. (1)

Vraag 13: Voegwoorde

Verbind die volgende sinne met die VOEGWOORD tussen hakkies.

- 13.1 Jan ken die eksperiment goed. Hy moet versigtig werk. (maar) (1)
- 13.2 Die leerders moet mooi afmeet. Hulle het 'n groot gemors. (anders) (1)
- 13.3 Donsie kan nie skoolwerk doen nie. Hy is 'n kat. (aangesien) (1)
- 13.4 Die leerders sit hulle veiligheidsbrille op. Hulle doen die eksperiment. (voordat) (1)

Vraag 14: Ontkenning

Skryf die volgende sinne oor in die ONTKENNENDE VORM.

- 14.1 Die kinders is baie kwaad. (1)
- 14.2 Sy hare brand. (1)
- 14.3 Hulle het êrens die aansteker gesien. (1)
- 14.4 Die seun het iets in die glas gegooi. (1)

Vraag 15: Lydende vorm

Skryf die volgende sinne oor in die LYDENDE VORM.

- 15.1 Die kat sal die les in die klas gee. (1)
- 15.2 Die leerders meng die vloeistof in die glas. (1)
- 15.3 Die juffrou stop die kinders by die hek. (1)
- 15.4 Die juffrou het al die houers in die wasbak gewas. (1)

Vraag 16: Direkte en inderekte rede

Skryf die sinne oor in die INDIREKTE REDE

- 16.1 Die man sê: "My hare is aan die brand!" (1)
- 16.2 Lara vra: "Is die man se kop gebrand?" (1)
- 16.3 Johan sê: "Die vuur is baie warm." (1)
- 16.4 Die juffrou vra: "Het Rudy die deur toegemaak?" (1)

Totaal afdeling B: 50
Groot totaal: 80